SA GRAAN/GRAIN Kollig GRONDBONE

'n Handvol nuwe kultivars getoets

Dr Wikus Snijman, projekbestuurder: Grondboonsaadproduksie, LNR-Graangewasse, Potchefstroom

Nasionale grondboonkultivarevalueringsproewe word jaarliks deur die LNR-Graangewasse in samewerking met die bedryf uitgevoer, waar plaaslik geregistreerde kultivars van verskeie maatskappye asook LNR-teellyne in die grondboonproduksiegebiede van Suid-Afrika getoets word.

Die inligting wat uit hierdie evaluasies versamel word, is van groot belang vir die grondboonbedryf en word deur produsente benut om kultivarkeuses uit te oefen en deur saadprodusente om te bepaal waar individuele kultivars goed presteer.

Agtien LNR- en SA Nuts-genotipes is gedurende die afgelope seisoen in sewe lokaliteite getoets wat verteenwoordigend is van die plaaslike grondboonproduksiegebied. Die proewe is in beide besproeiings- (vyf lokaliteite) en droëlandtoestande (twee lokaliteite) uitgevoer in 'n volledig ewekansige blokontwerp met drie herhalings per inskrywing. Standaardlandboupraktyke wat in die spesifieke gebied gebruik word, is toegepas sodat die evaluasies ook die gebied se bewerkingspraktyke kan weerspieël. Proewe is op 150 dae na plant geoes.

Resultate

Die resultate van die evaluasies in elke lokaliteit is in **Tabel 1** en **Tabel 2** (op bladsy 42) vervat. Die inkomste per ton pitte is bepaal na aanleiding van die gradering van die bepaalde besendings en die inkomste per hektaar word in die laaste kolom aangedui. Elke tabel bevat die ses toppresteerders van die spesifieke lokaliteit en is volgens

1 BESPROEIINGSPROEFDATA

LOKALITEIT	GENOTIPE	INKOMSTE/TON PITTE	INKOMSTE/HA
Setlagole	ARC Oleic	R14 944	R35 317
	Anel	R14 345	R33 937
	AkwaPlus	R15 156	R29 946
	PC 480-K14	R14 221	R29 667
	PC 474-K9	R14 516	R29 354
	PC 435-K6	R14 350	R28 389
Bultfontein	SelliePlus	R13 096	R36 896
	1033	R13 714	R35 823
	PC 435-K4	R13 480	R32 287
	Anel	R13 376	R32 026
	AkwaPlus	R13 565	R31 170
	PC 474-K9	R13 269	R29 202
Vaalharts	ARC Opal	R13 822	R26 847
	ARC K6	R13 627	R25 922
	Anel	R13 889	R24 564
	Tufa	R12 997	R23 082
	GP 023	R13 356	R22 730
	ARC 474	R13 417	R19 989
Vaalwater	PC 480-K14	R14 287	R50 354
	SelliePlus	R14 287	R50 008
	Anel	R14 438	R48 689
	Kwarts	R14 097	R45 779
	PC 481-K3	R14 438	R44 196
	ARC 474-K9	R13 625	R42 395
Douglas	PC 471-K19	R13 059	R76 134
	Anel	R12 500	R67 125
	GP 023	R12 819	R66 018
	Kwarts	R13 215	R64 225
	1033	R12 869	R61 128
	ARC 435-K6	R12 150	R47 507

'N HANDVOL NUWE...

SA GRAAN/GRAIN Kollig GRONDBONE

2 DROËLANDPROEFDATA

LOKALITEIT	GENOTIPE	INKOMSTE/TON PITTE	INKOMSTE/HA
Bothaville	PC 435-K2	R14 928	R40 302
	PC 474-K9	R14 934	R38 419
	AkwaPlus	R15 039	R37 355
	Tufa	R14 561	R33 686
	ARC K6	R14 878	R28 209
	Anel	R15 087	R15 087
Hoopstad	1033	R13 708	R25 786
	SelliePlus	R13 275	R16 200
	PC 474-K9	R13 633	R16 041
	GP 023	R13 354	R15 609
	PC 472-K3	R13 175	R15 576
	PC 480-K14	R13 507	R15 439

inkomste verdien gerangskik. Die inkomste is volgens opbrengs bereken en nie volgens wins nie.

Slotopmerkings

Variasie wat in die data voorgekom het, kan waarskynlik aan die variërende omgewingstoestande toegeskryf word. Die kultivarevaluasieverslae is beskikbaar by LNR-Graangewasse. Gedurende 2021/2022 sal daar 24 genotipes in die evaluasies ingesluit word. LNR-Graangewasse beoog ook om twee nuwe kultivars te registreer en op die mark vry te stel. ●

ARC • LNR
Excellence in Research and Development

INTEGRITY • BOLDNESS • PASSION • EXTREME OWNERSHIP • INNOVATION • CUSTOMER EXPERIENCE • TEAMWORK • HUMILITY • SELF RESPECT • FUN

National
Francois Janse van Rensburg
francois@cerealis.co.za
082 333 1330

Western Area
Jonathan Francisco
jonathan@cerealis.co.za
082 707 6051

Free State
Corne Smith
corne@cerealis.co.za
072 708 0568

Eastern Area
Chris le Roux
chris@cerealis.co.za
082 787 6718

KwaZulu-Natal & Eastern Cape
Jason Lucey
jason@cerealis.co.za
071 332 7804

Northern, Western & Eastern Cape & Free State
Johan Reichel
johan@cerealis.co.za
083 672 0121

Cerealis PRECISION ONS BOER MET PRESISIE...!

35 EIGHTH AVENUE
LICHTENBURG
TEL: 018 632 0362

DRAGO GT

• AUTOMATIC SELF-ADJUSTING DECK PLATES
• INDEPENDENT ROW UNITS
• ANGLED CHAIN DESIGN
• POLY CHAIN GUIDES
• OVERLAPPING GATHERING CHAINS
• QUAD SUSPENSION DECK PLATE SHOCKS

2 YEAR GUARANTEE

Follow us on https://www.facebook.com/CerealisSA

DRAGO
BUILT ON MORE THAN 70 YEARS OF CONTINUOUS INNOVATION.